

DIE REGVERDIGE ENERGIEOORGANG IN SUID-AFRIKA

'n Regshandleiding
vir gemeenskappe



Weergawe 1
Ontwikkel deur Natural Justice (2023)

 **NATURAL
JUSTICE**



DANKBETUIGINGS

Hierdie handleiding is ontwikkel deur die span van Southern Africa Natural Justice om gemeenskappe in Suider-Afrika te versterk en met die regverdige energieoorgang by te staan.

Ons bedank graag die verskillende medewerkers, waaronder personeellede van Natural Justice, die Suid-Durbanse Gemeenskapsomgewingsalliansie (SDCEA), die gemeenskappe van Richardsbaai en Suid-Durban vir hulle ondersteuning, en Lauren Nel vir haar werk deur die Regverdige Energieoorgang-inisiatief.

Ontwikkel deur: Natural Justice

Saamgestel deur: Claire Martens en Natasha Prince

Ontwerp deur: Katerina Sonntagova, Moss and Sea Studio

Gepubliseer: Weergawe 1 gepubliseer in 2023

Creative Commons-lisensie: Hierdie werk is gelisensieer ingevolge 'n internasionale Creative Commons BY-NC-SA-lisensie, weergawe 4.0. Ontvangers van die dokument word aangemoedig om dit vrylik dog slegs vir doeleindes sonder winsoogmerk te gebruik. Verleen asseblief erkenning aan die outeurs. Om na 'n afskrif van die lisensie te kyk, gaan na <https://creativecommons.org/licenses/by-nc-sa/4.0/>

DIE REGVERDIGE ENERGIEOORGANG IN SUID-AFRIKA

'n Regshandleiding
vir gemeenskappe

Weergawe 1
Ontwikkel deur Natural Justice (2023)



AFKORTINGS

DBVO	Departement van Bosbou, Visserye en die Omgewing
DMHE	Departement van Minerale Hulpbronne en Energie
FV	fotovoltaïese
GGO	gemeenskapsgebaseerde organisasie
GHP	Geïntegreerde Hulpbronplan
GSK	gekonsentreerde sonkrag
GW	gigawatt
IEA	Internasionale Energieagentskap
MPHO-wet	Wet op Minerale en Petroleumhulpbronontwikkeling
NEMA	Wet op Nasionale Omgewingsbestuur
NERSA	Nasionale Energiereguleerder van Suid-Afrika
NRVP	Nasionale Raad van Provinsies
NVB	nasionaal vasgestelde bydrae
OIS	omgewingsimpakstudie
OSP	omgewingstudiepraktisyn
PAIA	Wet op Bevordering van Toegang tot Inligting
REI4P	Program vir die Verkryging van Hernubare Energie van Onafhanklike Kragprodusente
UNDP	Verenigde Nasies se Ontwikkelingsprogram
VN	Verenigde Nasies
VVIT	vrywillige, vooraf- en ingeligte toestemming

WOORDELYS

Beleid: 'n Beleid sit uiteen wat 'n regering graag wil bereik, en die metodes en beginsels wat gebruik sal word om dit reg te kry. 'n Beleidsdokument is nie 'n wet nie, maar dit identifiseer dikwels nuwe wette wat nodig is om die regering se doelwitte te bereik.

Biomassa-energie: Dit is energie wat opgewek word deur hittevrystelling uit organiese materiaal, soos kosafval of dooie plante, of die verbranding van hout. Die algemeenste biomassamateriaal wat vir energie gebruik word, is plante, hout en afval.

Fossielbrandstowwe: Fossielbrandstowwe kom van ondergrondse bronne wat "fossiele" genoem word. Wanneer bome en plante doodgaan, ontbind en versteen (fossieleer) dit en word dan olie, gas en steenkool. Die verbranding van hierdie brandstowwe stel kweekhuysgasse vry.

Geotermies: Dit verwys na die hitte wat onder die aardoppervlak vasgekeer is. Hierdie hitte kan ingespan word om energie op te wek wat gemeenskappe of regerings kan gebruik.

Globale noorde: Lande in die globale noorde word as "ontwikkel" beskou en het groot ekonomieë en goed ontwikkelde dienste en infrastruktuur. Voorbeelde sluit in heelwat lande in Europa.

Globale suide: Lande in die globale suide word as "ontwikkelend" beskou en het dikwels kleiner ekonomieë en onderontwikkelde dienste en infrastruktuur. Voorbeelde sluit in heelwat Afrikalande.

Hernubare energie: Hernubare energie kom van natuurlike hulpbronne wat nie uitgeput kan word nie en hulleself oor tyd kan "hernu". Voorbeelde sluit in wind- en sonkrag.

Hidrokrags: Hidrokrags is energie wat deur die vloei van water opgewek word, en hidrokragsaanlegte word gewoonlik in of langs riviere of op damwalle aangetref.

Kernenergie: Kernenergie word geskep deur kernreaksies – spesifiek die kernklowing van uraan en plutonium – te gebruik om elektrisiteit op te wek. Kernenergie is nie 'n fossielbrandstof nie, maar word as 'n nie-hernubare hulpbron beskou.

Kweekhuiseffek: Die kweekhuiseffek is die proses waardeur hitte naby die aardoppervlak vasgekeer word deur stowwe wat bekend is as "kweekhuysgasse". Dit is 'n natuurlike proses wat oorlewing op aarde moontlik maak.

Kweekhuysgasvrystellings: Dit is die gevolg van die verbranding van fossielbrandstowwe of ander menslike aktiwiteite, wat dan gasse vrystel. Menslike aktiwiteite soos motorvervoer, elektrisiteitsopwekking en landbou kan alles kweekhuysgasse vrystel.

Netto-nul kweekhuysgasvrystellings: Dit verwys na die balans tussen die skep van kweekhuysgasvrystellings, en die verwydering van hierdie vrystellings uit die atmosfeer op natuurlike maniere (soos deur plante) en met kunsmatige metodes (soos koolstofopvang en -opberging).

Onafhanklike kragprodusent: 'n Onafhanklike kragprodusent is 'n maatskappy of persoon wat nie 'n openbare elektrisiteitsnutsdiens (soos Eskom in Suid-Afrika) is nie, maar wat fasiliteite besit en/of bedryf wat elektriese krag opwek, wat hulle dan weer aan Eskom, ander maatskappye of huishoudings kan verkoop.

Regverdige energieoorgang: 'n Verskuiwing van een energiestelsel wat op fossielbrandstowwe staatmaak, na 'n ander energiestelsel wat op hernubare energie berus en wat beginsels van omgewingsgeregtigheid insluit.

Wetgewing: Wetgewing is 'n versameling wette. Wette sit die standaarde, prosedures en beginsels uiteen wat die mense van 'n sekere land moet volg. As wette nie gevolg word nie, kan diegene wat dit oortree in die hof vervolgd word.

INHOUDSOPGAWE

Afkortings	ii
Woordelys	iii
▶ 1. INLEIDING	1
▶ 2. WAAROM VERANDER DIE KLIMAAT?	2
▶ 3. KERNKONSEPTE VAN DIE REGVERDIGE ENERGIEOORGANG IN SUID-AFRIKA	5
Hooftipes energie	5
Regverdige energieoorgang	6
Omgewingsgeregtigheid	7
▶ 4. HOE LYK DIE HUIDIGE ENERGIESTELSEL IN SUID-AFRIKA?	8
▶ 5. DIE REGVERDIGE ENERGIEOORGANG EN DIE WETTE EN BELEIDE IN SUID-AFRIKA	16
Die Grondwet van Suid-Afrika	16
Ander nasionale wette	17
Wette in wording	18
Internasionale verbintenisse	18
▶ Leemtes in die wette en beleide	19
6. REGSBEGINSELS WAT GEMEENSKAPPE SE DEELNAME AAN DIE REGVERDIGE ENERGIEOORGANG ONDERSTEUN	20
Reg op toegang tot inligting	20
▶ Vrywillige, vooraf- en ingeligte toestemming	22
Sinvolle raadpleging	24
7. HOE OM BY DIE REGVERDIGE ENERGIEOORGANG BETROKKE TE RAAK	25
Openbare deelname aan wetgewing en beleide	25
Deelname aan energieverwante projekte	27
Gemeenskapsgebaseerde inisiatiewe vir hernubare energie	30
Grondregte en die regverdige energieoorgang	32



OEFENINGE

- 4 Watter gevolge van klimaatsverandering beleef of merk jy op in jou gemeenskap?
- 13 Hoe goed dink jy vaar Suid-Afrika om 'n regverdige energieoorgang te ondersteun?
- 34 Wat ek graag in die regverdige energieoorgang wil sien

1. INLEIDING

DOEL VAN HIERDIE HANDLEIDING

Klimaatsverandering word wêreldwyd erken as 'n realiteit wat hanteer moet word. Klimaatsverandering maak die planeet en oseane warmer en veroorsaak omgewingskade, abnormale weerpatrone en ál hoe meer natuurrampe.

Veral inheemse mense en plaaslike gemeenskappe in die “**globale suide**” – daardie lande wat onderontwikkeling en armoede ervaar – word swaar deur hierdie gevolge van klimaatsverandering getref. Dit beteken dat klimaatsverandering ook 'n invloed het op **jou**, in Suid-Afrika.

Hoewel Suid-Afrika as 'n land in die globale suide beskou word, dra die land tot klimaatsverandering by deur sy afhanklikheid van steenkool en gas, wat fossielbrandstowwe is en skadelike gasse vrystel. Trouens, Suid-Afrika is die grootste besoedelaar in Afrika, en die meeste van sy skadelike gasvrystellings is vanweë steenkoolgebruik.

Die doel van hierdie handleiding is om jou die nodige inligting en gereedskap te bied om 'n kampvegter te word vir 'n beter toekoms deur 'n regverdige energieoorgang.

Hierdie handleiding sal die volgende doen:

1. Die regverdige energieoorgang definieer, en verduidelik hoe dit met omgewingsgeregtigheid verband hou
2. Jou 'n oorsig bied van die huidige energiestelsel in Suid-Afrika
3. Jou wys wat die oorgang van die huidige energiestelsel na 'n toekomstige REGVERDIGE stelsel behels
4. Jou 'n beter begrip bied van openbare deelname aan wette en beleide in Suid-Afrika, en jou help dink aan die vrae wat jy behoort te vra
5. Jou help verstaan hoe die Suid-Afrikaanse regering met die regverdige energieoorgang vaar – wat reeds gedoen is, en wat nie
6. Verduidelik hoe om deel te neem aan energieprojekte wat jou en jou gemeenskap kan raak

2. WAAROM VERANDER DIE KLIMAAT?



GEVOLGE VAN KLIMAATSVERANDERING

NATUURLIKE
KWEKHUISEFFEK

Waarom die
klimaat verander

MENSGEMAAKTE
KWEKHUISEFFEK



Verduideliking

Die son se strale word deur bome, plante, grond en die osean geabsorbeer. Hierdie hitte is belangrik vir natuurlike prosesse. Ons atmosfeer bevat Koolstofdioksied (CO_2), 'n natuurlike gas wat mense gedurende asemhaling vrystel. Koolstofdioksied word egter ook vrygestel deur die verbranding van steenkool, gas en olie (fossielbrandstowwe).

Plante en bome absorbeer koolstofdioksied, skakel dit om in SUURSTOF (O_2), en plaas dit terug in die atmosfeer. Wanneer hierdie stelsel gesond is, is daar 'n balans tussen wat geabsorbeer en wat vrygestel word.

Wanneer die stelsel ongesond is, is die hoeveelheid hitte en CO_2 in die atmosfeer ontwig. Te veel CO_2 keer hitte naby die oppervlak van die aarde vas en skep 'n kweekhuiseffek.

DIE KWEEKHUISEFFEK KAN WEERUITERSTES VEROORSAAK EN ENIGE VAN DIE VOLGENDE NADELIGE UITWERKINGS HÊ:

UITWERKING	BESKRYWING
Ongereelde reënvalpatrone	Veranderinge in reënvalpatrone kan langer en erger droogtes of oorstromings tot gevolg hê.
Waterbeperkings	Droogtes in gebiede waar munisipale damme geleë is, kan tot waterbeperkings lei of selfs jou krane laat opdroog.
Oorstroming van huise en woongebiede	Jou huis of plaaslike gemeenskap oorstrom dalk meer gereeld as gevolg van swaarder reën of swak infrastruktuur.
Invloed op gewasse	Ernstige droogte of erge oorstromings sal gewasse, vee én boere se bestaan beïnvloed.
Rampe in die vorm van intense storms	Stormsterk wind en baie swaar reën kom dalk meer dikwels as in die verlede voor.
Veldbrande	Warm, droë en winderige weer kan gereelde brande in die omliggende veld laat uitbreek.
Brande in informele nedersettings	Kouer weer of duurder energiebronne kan mense dwing om meer dikwels vuur te maak, kerse aan te steek of gas in hulle huise te gebruik, wat meer gereelde brande tot gevolg het.
Invloed op voedsel	Droogte of oorstromings in landbougebiede kan kostekorte of skerp stygings in kospryse tot gevolg hê.
Seelewe en vissery	Veranderinge in seestrome of -temperature kan die hoeveelheid beskikbare vis verminder omdat dit teelgewoontes beïnvloed of vis elders heen laat migreer.
Hittestres	Benewens die uitwerking van hittegolwe op gewasse en diere, maak hittestres mense ook minder produktief en vrugbaar, en verswak hulle immuunstelsel.
Bedreigings vir diere of vee	Veranderinge in biodiversiteit of landskappe as gevolg van veranderende temperature, sowel as droogte of oorstromings, kan diere doodmaak of hulle habitats so erg aftakel dat hulle nie kan oorleef nie. Temperatuurveranderinge kan ook dodelike diereplae of -siektes veroorsaak.
Fisiese gesondheid	Lugbesoedeling sal meer asemhalingsprobleme veroorsaak. Voedselonsekerheid kan tot hongersnood en wanvoeding sowel as waterskaarste en swak watergehalte lei. Veranderinge in die klimaat, soos humiditeit of hitte, kan meer of nuwe siektes laat versprei.
Kulturele bedreigings	As die plante en diere in jou omgewing beïnvloed word, kan dit moeiliker wees om sekere rituele uit te voer of 'n bestaan te maak.

3. KERNKONSEPTE VAN DIE REGVERDIGE ENERGIEOORGANG IN SUID-AFRIKA

HOOFTIPES ENERGIE

Hernubare energie

Hernubare energie kom van **natuurlike hulpbronne** wat nie uitgeput kan word nie en hulleself oor tyd kan "hernu".

Bronne:



Windturbines



Sonkrag



Hidrokrags



Geotermies



Biomassa

Nie-hernubare energie

Dié energie kom van ondergrondse bronne wat "**fossiele**" genoem word. Wanneer bome en plante doodgaan, ontbind en versteen ("fossieleer") dit en word dan olie, gas en steenkool. Kernkrag kom van die klowing van uraanatome om energie op te wek.

Bronne:




Fossielbrandstowwe

- Verbranding van olie
- Verbranding van gas
- Verbranding van steenkool



Kern



REGVERDIGE ENERGIEOORGANG

Die terme “regverdige oorgang” en “regverdige energietoorgang” word dikwels gebruik om dieselfde proses te beskryf. Kom ons sit dit eers uiteen:

REGVERDIGE

→ Reg en billik

ENERGIE

→ Verwys na fossielbrandstowwe (soos steenkool, olie en gas) én hernubare energie (soos son, wind en biomassa)

OORGANG

→ Om van een ding na 'n ander oor te beweeg

Die term het ontstaan in die **globale noorde** (lande met ontwikkelde ekonomieë, soos dié in Noord-Amerika en Europa) toe lande hulle steenkoolmyne en kragstasies begin sluit en na hernubare energie oorbeweeg het. Werkers by die steenkoolmyne en kragstasies wou deel wees van die proses en beskerm word, want hulle sou hulle inkomste verloor.

Die Internasionale Arbeidsorganisasie het dit as 'n wêreldwye arbeidskwessie beskou en 'n “regverdige oorgang” soos volg gedefinieer:

“ Die vergroening van die ekonomie op 'n manier wat so billik en inklusief moontlik is teenoor alle betrokkenes, ordentlike werk skep, en niemand agterlaat nie.”

Hier onder is die definisies wat in Suid-Afrikaanse verband gebruik word.

Volgens Project90by2020 beteken 'n regverdige energietoorgang die volgende:

“ 'n Verskuiwing van ons huidige energiestelsel na een wat beter is vir volhoubaarheid, omgewingsimpak, klimaatsverandering, menslike gesondheid en die ekonomie.”

Die Presidensiële Klimaatskommissie se Raamwerk vir 'n Regverdige Energietoorgang bevat op sy beurt die volgende definisie:

“ Die doel van 'n regverdige oorgang is om 'n lewe van gehalte vir alle Suid-Afrikaners te skep wat betref die vermoë om by die nadelige gevolge van klimaatsverandering aan te pas, klimaatsveerkragtigheid te verhoog, en teen 2050 netto-nul kweekhuisgasvrystellings te bereik. 'n Regverdige oorgang dra by tot die doelwitte van ordentlike werk vir almal, maatskaplike insluiting, en die uitwissing van armoede. 'n Regverdige oorgang maak mense die middelpunt van besluitneming, veral diegene wat die swaarste getref word – soos arm mense, vroue, persone met gestremdhede, en die jeug – en bemagtig en rus hulle toe vir die nuwe geleenthede van die toekoms.”



OMGEWINGSGERECHTIGHEID

Wat beteken die konsep “gerechtigheid” vir jou?

Dit is iets om oor na te dink wanneer ons oor energie in Suid-Afrika gesels. Regverdige energieoorgange hou verband met omgewingsgerechtigheid.

Omgewingsgerechtigheid gaan oor die prosesse van besluitneming en hoe daardie besluite die omgewing en gemeenskappe raak.

Wanneer daar “omgewingsgerechtigheid” is, geniet almal gelyke gebruik, toegang tot en beskerming van hulle omgewingshulpbronne, wat die land én die see insluit. Wanneer besluite geneem word wat mense en die natuur beïnvloed, word almal wat daardeur geraak sal word, verteenwoordig en geraadpleeg, en word alle ekologiese, fisiese, maatskaplike, politieke, kulturele, ekonomiese en ander faktore in ag geneem.

Waarom is dit belangrik?

Omgewingsgerechtigheid is belangrik, want:

- ▶ dit is 'n basiese mensereg wat mense invloed en beheer gee oor besluite wat hulle lewens én die omgewing waarop hulle staatmaak, raak, en wat hulle in staat stel om sinvol deel te neem;
- ▶ dit dien as 'n organiseringsmeganisme wat gemeenskappe mobiliseer om hulle regte uit te oefen; en
- ▶ sonder omgewingsgerechtigheid sal baie mense, veral gemarginaliseerde gemeenskappe, negatief beïnvloed word deur besoedeling en omgewingsaftakeling.

Wanneer ons oor 'n regverdige energieoorgang en die verband met omgewingsgerechtigheid praat, moet ons oor die volgende nadink:

PROSESSE VAN BESLUITNEMING

Billike, verteenwoordigende, inklusiewe en demokratiese prosesse van besluitneming oor energie

1. Is daar billike prosesse vir openbare deelname wanneer wette en beleide gemaak word?
2. Word genoeg inligting voorsien?
3. Is die prosesse om wette en beleide te maak deursigtig?
4. Wie word ingesluit, en wie nie?
5. Word persone wat direk geraak word en diene wat armoede en marginalisering ervaar, in ag geneem?

GEVOLGE VAN DIE BESLUIT


Billike, verteenwoordigende en gelyke gevolge

1. Watter en hoeveel mense het toegang tot energie? Wie word uitgesluit?
 2. Is hierdie energie wyd beskikbaar, kostedoeltreffend en bekostigbaar?
 3. Is hierdie energie skoon en onskadelik vir die gesondheid van mense en die omgewing?
 4. Sal hierdie energie toekomstige geslagte baat?
 5. Wie het beheer oor hierdie energie – net die regering, of die gemeenskap ook?
-

4. HOE LYK DIE HUIDIGE ENERGIESTELSEL IN SUID-AFRIKA?

STELSEL

Suid-Afrika se energiestelsel word oorheers deur die **staatsonderneming** Eskom, wat die meeste van die land se energie voorsien.



Steenkool

Suid-Afrika het 'n groot hoeveelheid steenkool, en die meeste van ons steenkoolvelde is in Mpumalanga geleë. Ons gebruik steenkool om elektrisiteit op te wek deur dit by **steenkoolkragstasies** te verbrand. Ongeveer 80% van ons energie kom van steenkool.



Kern

Sowat 4% van Suid-Afrika se energie is kernenergie wat by Koeberg-kragstasie opgewek word.

Om meer krag vir Suid-Afrika op te wek en van energiebronne soos steenkool weg te beweeg, het die regering dit al oorweeg om nuwe kernkragaanlegte te bou. Elektrisiteitsopwekking by kernkragstasies hou egter 'n groot risiko vir mense en die omgewing in as dit nie behoorlik bestuur en in stand gehou word nie. 'n Ongeluk by Tsjernobil, Oekraïne, in die 1980's het katastrofiese gevolge vir mense én die omgewing gehad.

¹ Volgens die Wetenskaplike en Nywerheidsnavorsingsraad (WNNR) se statistieke oor kragopwekking in Suid-Afrika vir 2022. Toegang bekom by <https://www.csir.co.za/sites/default/files/Documents/Statistics%20of%20power%20in%20SA%202022-CSIR-%5BFINAL%5D.pdf>.



Diesel en gas

Suid-Afrika gebruik ook diesel en gas as deel van sy energievoorsiening, hoewel dit maar net 2% van die huidige energiestelsel uitmaak. Diesel en gas word gebruik vir die aandrywing van oopsiklusgasturbines wat energie opwek. Wanneer ons elektrisiteitsvoorraad min is, vul ons dit met hierdie energie aan, maar dit is baie skadelik vir die omgewing. Die meeste van die gas kom deur 'n pypeleiding van Mosambiek af. Heelwat maatskappye soek tans na olie en gas, sowel op land as in die see. Die grootste gedeelte van die Suid-Afrikaanse kuslyn is in blokke ingedeel vir beplande opsporingsaktiwiteite.

Baie mense beskou gas as 'n oorgangsbrandstof en reken dat dit nie die klimaat so erg soos steenkool beïnvloed nie. Navorsing toon egter die teenoorgestelde: Die metaan wat uit gasleidings lek, is meer as 14 keer skadeliker as die koolstof wat met steenkoolverbranding vrygestel word en kan ontploffings veroorsaak.



Hidro

'n Klein persentasie van ons hernubare energie in Suid-Afrika, ongeveer 1%, is hidrokrags. Watervloei word gebruik om energie op te wek. Twee van ons grootste hidrokragsstasies staan by die Vanderkloof- en die Garijepdam, albei damme wat in riviere gebou is.



FV sonpanele en GSK

Suid-Afrika is 'n warm land met volop sonlig, en ons gebruik twee verskillende metodes om energie uit die son op te wek. Hierdie tipe energie maak sowat 3% van ons energiestelsel uit.

Fotovoltaïese (FV) sonpanele omskep sonlig in energie. Hierdie panele word deur die hele Suid-Afrika op huise en ondernemings se dakke aangetref.

Gekonsentreerde sonkrag (GSK) is 'n stelsel wat spieëls gebruik om lig op 'n sentrale area te weerkaats of te konsentreer, waar dit dan energie opwek. Daar is gewoonlik 'n stoomturbine in die sentrale area wat die hitte voorsien.



Wind

Windenergie maak sowat 4% van ons energiestelsel uit.

Wind skep kinetiese energie (of "bewegingsenergie"), wat dan deur die windturbines omgeskakel word in energie wat elektrisiteit voorsien. Windplase met windturbines kom meestal in die Wes- en Oos-Kaap voor.

HOE VAAR ONS?



'n Kragkrisis

Suid-Afrika ondervind tans 'n kragkrisis. Die land beleef sedert 2008 gereeld beurtkrag (geskeduleerde kragonderbrekings) van tot 12 uur per dag. Die ergste beurtkragjaar was 2022, toe Suid-Afrika 81 dae weens beurtkrag verloor het – 260% meer as in 2021.



Toename in onafhanklike projekte

Beurtkrag en die druk op die regering om 'n betroubare elektrisiteitsbron te voorsien, lei daartoe dat meer mense sonenergie gebruik en dat meer onafhanklike projekte goedgekeur word om energie tot die nasionale netwerk by te dra. Nietemin is die impak van hierdie individuele en onafhanklike kragprojekte tans beperk. Ons moet onself afvra of gemeenskappe wat gemarginaliseer en arm is hierdie uitgebreide energiestelsel sal kan besit en daaruit sal voordeel trek, en of ons die uitwerking op omgewings- en grondregte in ag geneem het.

WAT HET ONS NODIG?



Ons moet 'n oorgang maak

Die kragkrisis onderstreep die dringende behoefte aan 'n energieoorgang om Suid-Afrikaners toegang tot betroubare, bekostigbare en skoon elektrisiteit te gee.



Ons moet wegbeweeg van fossielbrandstowwe

Nietemin moet Suid-Afrika ook sy kweekhuisgasvrystellings verminder – nie net omdat die land ingevolge die internasionale Parys-ooreenkoms daartoe verbind is nie, maar ook omdat hy 'n plig het teenoor sy burgers om nie meer tot klimaatsverandering by te dra nie.

WAT ANDERS IS AAN DIE GEBEUR?

As deel van Eskom se oorgang na die gebruik van ander energiebronne as steenkool, en om beurtkrag te help beëindig, besef die elektrisiteitsverskaffer dat hy óók sal moet transformeer.

1. Die regering is besig om Eskom te ontbondel.

Ontbondeling van Eskom: Dít is 'n proses om Eskom in drie afsonderlike eenhede te verdeel: transmissie, opwekking en verspreiding.

Sodoende sal die afsonderlike eenhede onafhanklik bestuur kan word, en nie deur Eskom nie. Dit sal ook die privatisering van energie moontlik maak.

- ▶ **Opwekking: Om te skep.** Hierdie proses behels die opwekking van elektrisiteit. Elektrisiteit word opgewek uit fossielbrandstowwe, kernkrag, diesilverbranding, sonpanele, wind, ensovoorts.
- ▶ **Transmissie: Om oor te dra.** Hierdie proses stuur elektrisiteit van waar dit opgewek word na verspreidingsstasies deur middel van kraglyne.
- ▶ **Verspreiding: Om te voorsien.** Hierdie proses voorsien elektrisiteit aan plaaslike gebiede.

OPWEKKING

TRANSMISSIE

VERSPREIDING

2. Geïntegreerde Hulpbronplan (GHP)

Die GHP is 'n langtermynenergieplan wat Suid-Afrika se energiestelsel beskryf, waaronder die geskatte bydrae van die verskillende energiebronne soos steenkool, kern, gas, wind, son en hidro. Volgens die mees onlangse weergawe, GHP 2019, is die mikpunt om teen 2030 altesaam 14,4 gigawatt (GW) se windkragvermoë en 6 GW se FV sonkragvermoë by die land se energiestelsel in te sluit.

3. Program vir die Verkryging van Hernubare Energie van Onafhanklike Kragprodusente (REI4P)

Die REI4P stel onafhanklike kragprodusente, en nie net Eskom nie, in staat om krag op te wek. Die verkrygingsprogram beoog om die ontwikkeling van hernubare-energieprojekte in Suid-Afrika te versnel sodat ons meer energie kan opwek. Sodoende is meer as 6 GW se energievermoë al sedert die bekendstelling van die REI4P in 2011 by ons energiestelsel ingesluit.


4. Presidensiële Klimaatskommissie

President Cyril Ramaphosa het die Presidensiële Klimaatskommissie in 2020 tot stand gebring. Die Kommissie hou toesig oor en fasiliteer 'n regverdige en billike oorgang na 'n ekonomie wat min koolstof vrystel (en dus op hernubare energie berus) en klimaatsveerkragtig is (nie kwesbaar is vir die gevolge van klimaatsverandering nie). Verskeie belanghebbendes dien in die Kommissie.


DIE ONTBONDELING VAN ESKOM

Hoe dit in die praktyk sal werk

DIE HUIDIGE ENERGIESTELSEL



'N ONTBONDELDE ENERGIESTELSEL



Verskeie opwekkingsbronne van sowel Eskom as onafhanklike kragprodusente, wat hetsy fossielbrandstowwe of hernubare energie gebruik

Privaat entiteit koop elektrisiteit by die verskillende produsente – skep mededinging om goedkoper elektrisiteit te voorsien

Huise, nywerhede en munisipaliteite koop by die transmissie-entiteit, nie by die produsente nie, en kry die mees bekostigbare energiebronne



Oefening

Hoe goed dink jy vaar Suid-Afrika om 'n regverdige energieoorgang te ondersteun?

ROOI Maak min of geen vordering

GEEL Maak vordering

GROEN Vaar goed

BESKRYWING VAN ENERGIE-AKTIWITEIT

JOU BEOORDELING

Suid-Afrika benut sy potensiaal vir hernubare energie – die son en die wind	<input type="checkbox"/>	<input type="checkbox"/>	<input type="checkbox"/>
Suid-Afrika bied nou beter toegang tot elektrisiteit vir alle inwoners van die land	<input type="checkbox"/>	<input type="checkbox"/>	<input type="checkbox"/>
Suid-Afrika se vervoersektor stel nie meer groot hoeveelhede koolstofdoksied vry nie	<input type="checkbox"/>	<input type="checkbox"/>	<input type="checkbox"/>
Suid-Afrika voorsien genoeg elektrisiteit aan mense wat in stede woon	<input type="checkbox"/>	<input type="checkbox"/>	<input type="checkbox"/>
Suid-Afrika voorsien genoeg elektrisiteit aan mense wat op die platteland woon	<input type="checkbox"/>	<input type="checkbox"/>	<input type="checkbox"/>
Suid-Afrika het stabiele elektrisiteit sonder daaglikse kragonderbrekings	<input type="checkbox"/>	<input type="checkbox"/>	<input type="checkbox"/>
Suid-Afrika koop groot hoeveelhede elektrisiteit by privaat of onafhanklike kragprodusente	<input type="checkbox"/>	<input type="checkbox"/>	<input type="checkbox"/>
Suid-Afrika het genoeg son - en windpotensiaal om hernubare energie vir sy elektrisiteitsbehoefes te gebruik	<input type="checkbox"/>	<input type="checkbox"/>	<input type="checkbox"/>
Suid-Afrika het 'n plaaslike mark vir hernubare energie	<input type="checkbox"/>	<input type="checkbox"/>	<input type="checkbox"/>
Suid-Afrika en sy mense vervaardig en koop plaaslike tegnologieë om elektrisiteit mee op te wek, soos sonpanele, batterye en kragomsetters	<input type="checkbox"/>	<input type="checkbox"/>	<input type="checkbox"/>
Suid-Afrika laat nie meer toe dat maatskappye plaaslik na fossielbrandstowwe soek nie, en reik nie meer lisensies uit vir nuwe fossielbrandstofmaatskappye om energie op te wek nie	<input type="checkbox"/>	<input type="checkbox"/>	<input type="checkbox"/>
Suid-Afrika het wette wat 'n regverdige energieoorgang ondersteun	<input type="checkbox"/>	<input type="checkbox"/>	<input type="checkbox"/>
Suid-Afrika het wette wat belegging in hernubare energie aanmoedig	<input type="checkbox"/>	<input type="checkbox"/>	<input type="checkbox"/>

Vir die antwoorde, blaai na bylaag 2.

HOE DIE REGVERDIGE ENERGIEOORGANG VIR GEMEENSKAPPE LYK

'N ONREGVERDIGE ENERGIESTELSEL

Onvolhoubaar

Die stelsel maak staat op nie-hernubare energiebronne, word beïnvloed deur die koste van fossielbrandstowwe op internasionale vlak, en dra by tot omgewings-besoedeling en -aftakeling.

Gebruik fossiel-brandstowwe

Berus op nie-hernubare energiebronne, soos die fossielbrandstowwe steenkool en gas, wat koolstof vrystel en tot klimaatsverandering bydra.

Ongesond

Energieopwekking dra by tot lug- en waterbesoedeling en lei tot die aftakeling van die omgewing. Dit kan gesondheidskwessies en 'n verlies aan bestaansmiddele veroorsaak.

Duur en verkwistend

Energieopwekking vereis duur infrastruktuur en instandhouding. Die energie wat opgewek word, is nie bekostigbaar vir mense wat in armoede leef nie.

'N REGVERDIGE ENERGIESTELSEL

Volhoubaar

Die stelsel maak staat op hernubare energiebronne, is kostedoeltreffend, en rig die minste omgewingskade aan.

Gebruik hernubare hulpbronne

Berus op hernubare en skoner energiebronne, soos wind- en sonenergie. Hierdie energiebronne stel nie koolstofdioksied en ander kweekhuiskasse vry nie.

Gesond

Energieopwekking rig die minste omgewingskade aan en veroorsaak nie gesondheidskwessies nie, want dit dra nie tot lug- en waterbesoedeling by nie.

Bekostigbaar vir almal

Die mees kostedoeltreffende energiebron op lang termyn. Energieopwekking is goedkoper en makliker om in stand te hou.

Toeganklik vir diegene wat dit kan bekostig

Energie word opgewek op 'n manier wat dit duur maak om te gebruik. Dit word ook nie aan almal voorsien nie.

Word deur nasionale regerings en korporasies beheer

Energie kan net met duur, gesentraliseerde infrastruktuur opgewek word, en slegs deur mense met baie geld, kennis en vaardighede, soos korporasies.

Besluitneming sluit nie almal in nie

Gemeenskappe is nie deel van besluitneming oor watter tipes energie waar opgewek sal word en wie dit sal beheer nie. Slegs sekere lede van die gemeenskap word geraadpleeg, en ander word uitgesluit.

Dra by tot werk wat skadelik kan wees vir werkers en gemeenskappe se gesondheid en welstand

Werk in die energiesektor wat op fossielbrandstowwe berus, kan werkers en omliggende gemeenskappe se gesondheid benadeel. Die bedryf neem ook nie plaaslike mense in diens nie.

Toeganklik vir almal

Energie word beskou as "openbare goed" wat aan almal voorsien moet word en vir almal bekostigbaar moet wees.

Word deur gemeenskappe en plaaslike regerings beheer en besit

Energie word plaaslik (gedesentraliseerd) opgewek, by 'n plaaslike netwerk ingevoer, en dra by tot plaaslike werkskepping.

Inklusiewe besluitneming

Gemeenskappe is deel van besluitneming oor watter tipes energie waar opgewek sal word en wie dit sal beheer. Vroue, senior burgers en die jeug neem ook deel.

Dra by tot werk wat werkers en gemeenskappe se gesondheid en welstand ondersteun

Werk in die energiesektor wat op hernubare en plaaslike energiebronne berus, neem plaaslike mense in diens en skep plaaslike voordele vir gemeenskappe. Werkers en gemeenskappe se gesondheid word nie benadeel nie.

5. DIE REGVERDIGE ENERIEOORGANG EN DIE WETTE EN BELEIDE IN SUID-AFRIKA

Vir 'n regverdige energieoorgang in Suid-Afrika is die regering daarvoor verantwoordelik om te sorg dat die regte wette en beleide bestaan om so 'n oorgang te ondersteun. Hierdie afdeling verduidelik watter wette, beleide en planne reeds bestaan om die regverdige energieoorgang in Suid-Afrika te ondersteun, en waar daar dalk nog kwessies of leemtes is.

Dit is belangrik om die kwessies of leemtes te verstaan, want dít is waar gemeenskappe dalk wette en beleide kan probeer beïnvloed. In die volgende afdeling verduidelik ons hoe.

DIE GRONDWET VAN SUID-AFRIKA

Die **Grondwet van Suid-Afrika** is die hoogste wet, wat beteken dat alle ander wette, beleide of regeringsaksies ondergeskik is daaraan. Die Grondwet sit die basiese regte van alle mense in die land uiteen. Wat die regverdige energieoorgang betref, is die belangrikste regte soos volg:

Artikel 9: Gelykheid

- (1) Elkeen is gelyk voor die reg en het die reg op gelyke beskerming en voordeel van die reg.
- (2) Gelykheid sluit die volle en gelyke genieting van alle regte en vryhede in. Ten einde die bereiking van gelykheid te bevorder, kan wetgewende en ander maatreëls getref word wat ontwerp is vir die beskerming of ontwikkeling van persone, of kategorieë persone, wat deur onbillike diskriminasie benadeel is.

Artikel 10: Menswaardigheid

- (1) Elkeen het ingebore waardigheid en die reg dat daardie waardigheid gerespekteer en beskerm word.

Artikel 24: Omgewing

Elkeen het die reg —

- (a) op 'n omgewing wat nie skadelik vir hul gesondheid of welsyn is nie; en

- (b) op die beskerming van die omgewing, ter wille van huidige en toekomstige geslagte, deur redelike wetgewende en ander maatreëls wat –
- i. besoedeling en ekologiese agteruitgang voorkom;
 - ii. bewaring bevorder; en
 - iii. die ekologiese volhoubare ontwikkeling en aanwending van natuurlike hulpbronne verseker terwyl dit regverdigbare ekonomiese en maatskaplike ontwikkeling bevorder.

Artikel 25: Eiendom

- (1) Niemand mag eiendom ontnem word nie behalwe ingevolge 'n algemeen geldende regsvoorskrif, en geen regsvoorskrif mag arbitrêre ontneming van eiendom veroorloof nie.
- (2) By die toepassing van hierdie artikel – (a) beteken die openbare belang ook die nasie se verbintenis tot grondhervorming, en tot hervormings om billike toegang tot al Suid-Afrika se natuurlike hulpbronne te bewerkstellig; en (b) is eiendom nie tot grond beperk nie.

Artikel 27: Gesondheidsorg, voedsel, water en maatskaplike sekerheid

- (1) Elkeen het die reg op toegang tot – (a) gesondheidsorgdienste, met inbegrip van reprodktiewe gesondheidsorg; (b) voldoende voedsel en water; en (c) maatskaplike sekerheid, met inbegrip van gepaste maatskaplike bystand indien hulle nie in staat is om hulself en hul afhanklikes te onderhou nie.

Artikel 32: Toegang tot inligting

- (1) Elkeen het die reg op toegang tot – (a) enige inligting wat deur die staat gehou word; en (b) enige inligting wat deur 'n ander persoon gehou word en wat vir die uitoefening of beskerming van enige regte benodig word.
- (2) Nasionale wetgewing moet verorden word om aan hierdie reg gevolg te gee, en kan voorsiening maak vir redelike maatreëls om die administratiewe en finansiële las op die staat te verlig.

ANDER NASIONALE WETTE

Die Wet op Nasionale Omgewingsbestuur (NEMA) is 'n belangrike wet wat voortspruit uit die reg op 'n gesonde omgewing in artikel 24 van die Grondwet. Dit sluit vereistes in vir wanneer besluite geneem word wat die omgewing sal beïnvloed, lê voorskrifte neer vir omgewingsmagtiging of ander tipes toestemming wat die Departement van Bosbou, Visserye en die Omgewing (DBVO) moet verleen, beskryf die beginsel van 'die besoedelaar betaal' sowel as billike toegang tot omgewingshulpbronne, en skep 'n stelsel waardeur die publiek aan omgewingsbesluitneming kan deelneem.

Die Wet op Elektrisiteitsregulering was die eerste wet wat privaat maatskappye en individue toegelaat het om aan die kragsektor deel te neem. Dit lê 'n raamwerk vir die elektrisiteitsvoorsieningsbedryf neer. Die Nasionale Energiereguleerder van Suid-Afrika (NERSA) is hoofsaaklik daarvoor verantwoordelik om die Wet te implementeer.

Ekstraktiewe nywerhede, wat minerale of natuurlike hulpbronne uit die aarde onttrek (soos steenkool of gas vir elektrisiteitsopwekking), val onder die **Wet op Minerale en Petroleumhulpbronontwikkeling (MPHO-wet)**. Die staat is die beskermmer van minerale en petroleumhulpbronne. Die persoon in beheer van die implementering van die MPHO-wet is die Minister van Minerale Hulpbronne en Energie.

Wet op Koolstofbelasting: Die doel van die Wet op Koolstofbelasting is om kweekhuisgasvrystellings te verminder deur 'n fooi op die koolstofvrystellings van verskillende sektore, waaronder elektrisiteitsopwekking, mynbou en vervoer, te hef.



WETTE IN WORDING

Wetsontwerp op Klimaatsverandering: Die Wetsontwerp erken die gevolge van klimaatsverandering en bied 'n raamwerk om op nasionale, provinsiale en munisipale vlak op klimaatsverandering te reageer. Dit sluit in die versekering van 'n regverdige oorgang na 'n laekoolstofekonomie en -samelewing deur uitvoering te gee aan Suid-Afrika se internasionale verbintenisse en verpligtinge. Die Wetsontwerp is op 24 Oktober 2023 deur die Nasionale Vergadering goedgekeur. Daarna moet dit aan die Nasionale Raad van Provinsies (NRVP) voorgelê word, en indien hulle dit goedkeur, gaan dit na die president vir ondertekening (om wet te word). Dit sal Suid-Afrika se eerste stuk wetgewing wees wat spesifiek oor klimaatsverandering handel.

INTERNASIONALE VERBINTENISSE

Die Parys-ooreenkoms: Dié ooreenkoms, wat 196 lande in Desember 2015 by die Verenigde Nasies (VN) se klimaatskonferensie (COP21) onderteken het, het die doelwit gestel om die wêreldwye temperatuurstyging tot 1,5 grade Celsius bo pre-industriële vlakke te beperk. Dit beteken dat die gemiddelde temperatuur op aarde nie met meer as 1,5 grade Celsius mag styg nie. Om dit reg te kry, moet kweekhuisgasvrystellings teen 2030 met 43% verminder word. Die Internasionale Energieagentskap (IEA) het bevind dat om hierdie doel te bereik, alle nuwe beleggings in natuurlike gasontginning en -produksie gestaak moet word.

Suid-Afrika het die Parys-ooreenkoms onderteken en het dus 'n internasionale plig om sy kweekhuisgasvrystellings te verminder.

Nasionaal vasgestelde bydrae (NVB): Suid-Afrika het in sy NVB (Maart 2021) onderneem om sy jaarlikse kweekhuisgasvrystellings teen 2025 met 17% en teen 2030 met 12-32% te verminder. Die NVB is 'n verbintenis wat uiteensit hoe 'n land beplan om vrystellings te verminder en klimaatsverandering te stuit. Dit beteken dat Suid-Afrika so gou moontlik na hernubare energiebronne moet oorskakel en beleggings in enige nuwe fossielbrandstofontwikkelings moet staak.

Vennootskap vir 'n Regverdige Energieoorgang: Suid-Afrika, Frankryk, Duitsland, die Verenigde Koninkryk, die Verenigde State en die Europese Unie het hierdie vennootskap in 2021 by die VN-klimaatskonferensie (COP26) aangegaan. Die ooreenkoms bepaal dat die internasionale vennote tussen 2023 en 2027 altesaam \$8,5 miljard moet beskikbaar stel om ons land te help wegbeweeg van fossielbrandstowwe.

Die vennootskap wil 'n manier vind om vrystellings te verminder en klimaatsveerkragtige ontwikkeling te bevorder wat die regverdige oorgang in Suid-Afrika sal versnel en koolstof uit ons elektrisiteitstelsel sal verwyder. Die vennootskap identifiseer drie prioriteitsgebiede om die ekonomie te ondersteun:

1. Die elektrisiteitssektor
2. Elektriese voertuie
3. Groenwaterstof

'n Voorwaarde vir die finansiering was dat daar oor 'n beleggingsraamwerk ooreengekom word.

Die Beleggingsplan vir 'n Regverdigte Energieoorgang: Dié plan is in November 2022 voltooi. Dit bied 'n uiteensetting van die vereiste belegging om koolstof te verminder soos wat ons NVB vir die tydperk 2023–2027 aandui. Die plan konsentreer op die volgende intervensies:

1. Skep werk van gehalte
2. Verhoog energiesekerheid
3. Hanteer die risiko's van klimaatsverandering
4. Versterk ekonomiese groei

LEEMTES IN DIE WETTE EN BELEIDE

Daar is verskeie leemtes in Suid-Afrika se energiewette en -beleide. Sommige daarvan word hier onder gelys:

Oorafhanklikheid van steenkool

Suid-Afrika maak histories op steenkool staat om in sy energiebehoefte te voorsien. Hoewel die regering hier en daar pogings aanwend om na hernubare energiebronne soos wind- en sonkrag oor te slaan, lê daar nog baie werk voor om 'n meer gebalanseerde energiestelsel te skep.

Gebrek aan politieke wil vir belegging in hernubare energie

Ondanks die gestelde teikens vir hernubare-energievermoë, is daar beleidsonsekerheid en vertraging in die implementering van die land se program vir die verkryging van hernubare energie. Dit sluit in vertraging in die uitreiking van die land se Geïntegreerde Hulpbronplan, en onbestendigheid in die verkryging van hernubare energie. Ten spyte van onlangse wetsveranderinge om die verkryging van hernubare energie makliker te maak vir privaat beleggers en munisipaliteite, word die verkrygingsproses steeds as problematies beskou.

Beperkte toegang tot energie

Hoewel Suid-Afrika vordering gemaak het daarmee om toegang tot elektrisiteit uit te brei, is daar steeds baie mense wat toegang tot betroubare en bekostigbare energie kortkom. Dit is veral so op die platteland, waar elektrisiteitsinfrastruktuur beperk is.

Beperkte integrasie van energiebeleide met ander sektore

Daar moet 'n duideliker prentjie wees van 'n regverdigte energieoorgang in alle wette in Suid-Afrika. Die wette oor arbeid en grond sê byvoorbeeld niks oor die regverdigte energieoorgang nie. Dit beteken dat die publiek by elke openbare oorlegplegingsgeleentheid 'n sterk boodskap oor die behoefte aan 'n regverdigte energieoorgang moet oordra.

Voortgesette aandrang op olie, gas en ander fossielbrandstowwe

Ondanks die land se pogings om klimaatsverandering te hanteer deur koolstofvrystellings te verminder, is daar in onlangse wette en beleidsverklarings steeds 'n aandrang op die opsporing en gebruik van fossielbrandstowwe.



6. REGSBEGINSELS WAT GEMEENSKAPPE SE DEELNAME AAN DIE REGVERDIGE ENERGIEOORGANG ONDERSTEUN

REG OP TOEGANG TOT INLIGTING

Die reg op toegang tot inligting beteken dat individue die reg het om inligting van die regering of ander openbare owerhede te bekom oor besluite, beleide en optrede wat hulle en hulle gemeenskappe raak.

In die konteks van die regverdige energieoorgang is die reg op toegang tot inligting belangrik omdat dit deursigtigheid en aanspreeklikheid verseker. Dit stel individue en gemeenskappe in staat om goed ingelig te wees oor energieverwante besluite, projekte en beleide wat hulle lewens, omgewing en welstand kan beïnvloed.

Deur toegang tot inligting te hê, kan mense die redes vir energieoorgangsinisiatiewe, die moontlike voor- en nadele én die spesifieke planne en aksies verstaan. Hierdie kennis bemagtig individue en gemeenskappe om doeltreffend aan besluitnemingsprosesse deel te neem, hulle bekommernisse uit te spreek, en owerhede tot verantwoording te roep oor hulle optrede.

In die algemeen sorg die reg op toegang tot inligting dat die regverdige energieoorgang op 'n billike en inklusiewe manier uitgevoer word: Dit verseker dat mense die nodige inligting het om die oorgangproses te verstaan en daaraan deel te neem, dat hulle regte en belange in ag geneem word, en dat hulle 'n sinvolle geleentheid ontvang om hulle menings te lug. Die taal waarin die inligting oorgedra word, is veral belangrik. Die inligting moet ook geredelik beskikbaar en maklik toeganklik wees. Projekontwikkelaars en/of regerings kan byvoorbeeld nie aanneem dat alle gemeenskapslede toegang tot sosiale media, die internet of e-pos het nie.

STAPPE OM TOEGANG TOT INLIGTING IN SUID-AFRIKA TE VERKRY

STAP	VERDUIDELIKING
1. Verstaan die Wet op Bevordering van Toegang tot Inligting (PAIA)	Vind meer uit oor dié wet wat toegang tot inligting waarborg.
2. Identifiseer die tersaaklike openbare liggaam	Bepaal watter staatsdepartement of privaat instelling die inligting het waarna jy op soek is.
3. Dien 'n skriftelike versoek in	Stel 'n skriftelike versoek vir die inligting op waarin jy jou behoeftes duidelik uitspel.
4. Volg die voorgeskrewe formaat	Sorg dat jou versoek in die voorgeskrewe formaat is en alle nodig besonderhede bevat. Die meeste staatsdepartemente het 'n standaardvorm wat vir 'n PAIA-versoek ingevul moet word.
5. Dien die versoek by die regte owerheid in	Stuur jou versoek aan die aangewese inligtingsbeampte van die staatsliggaam of privaat instelling.
6. Betaal die voorgeskrewe fooi (indien van toepassing)	Indien 'n fooi vereis word, wees gereed om die bedrag (gewoonlik R35) te betaal wat die staatsliggaam of privaat instelling vereis.
7. Wag op 'n antwoord	Wag dat die openbare liggaam binne die aangewese tydraamwerk (gewoonlik 30 dae) antwoord.
8. Hersien en appelleer (indien nodig)	Indien jou versoek van die hand gewys word of jy ontevrede is, kan jy die besluit laat hersien en daarteen appelleer, indien dit toegelaat word.
9. Kry regshulp (indien nodig)	Indien jy probleme ondervind, dink daaraan om hulp te vra by 'n prokureur of regsorganisasie wat in toegang-tot-inligtingswette spesialiseer.

TOEGANG TOT INLIGTING DEUR PAIA-VERSOEKE



- ▶ Die **Wet op Bevordering van Toegang tot Inligting (PAIA)** gee uitvoering aan die reg op toegang tot inligting in artikel 32 van die Grondwet van Suid-Afrika.
- ▶ Ingevolge artikel 14 van PAIA moet elke openbare liggaam wat oor inligting beskik 'n PAIA-handleiding hê. Die handleiding bevat die besonderhede en voorgeskrewe vorms om 'n PAIA-versoek in te dien. PAIA-handleidings is beskikbaar:
 - op die webtuiste van die openbare liggaam;
 - gedurende kantoorure by die hoofkantoor van die openbare liggaam;
 - in gedrukte vorm indien dit versoek word, hoewel 'n fooi sal geld; en
 - word gewoonlik saam met die kontakbesonderhede vir die openbare liggaam se aangewese inligtingsbeampte gepubliseer.
- ▶ Sekere nie-regeringsorganisasies wat inligting in algemene belang versoek, is vrygestel van die betaling van die voorgeskrewe fooi.
- ▶ Indien 'n openbare liggaam versuim om aan 'n PAIA-versoek te voldoen, en nie binne 30 dae ná die versoek enige skriftelike redes verstrek nie, kan 'n individu die Inligtingsreguleerder nader en 'n klag lê indien hulle glo dat die openbare liggaam in stryd met PAIA optree.
- ▶ Enige persoon, ongeag of jy 'n burger is of nie, kan 'n versoek ingevolge PAIA indien.
- ▶ As deel van 'n PAIA-versoek aan 'n **privaat liggaam** (soos 'n olie- en gasmaatskappy), sal jy in jou versoek moet verduidelik dat jy 'n bepaalde reg uitoefen of 'n duidelike belang het by die versoek.
 - Hierdie reg kan nie net die reg op toegang tot inligting wees nie. Jy sal moet verduidelik waarom die dokumente wat jy versoek redelikerwys vereis word om 'n ander reg te beskerm of uit te oefen.
 - Dit hoef nie net grondwetlike regte te wees nie.
 - So byvoorbeeld kan 'n persoon vra vir toegang tot 'n maatskappy se meesterplanne indien daardie planne die besoedelingsvlakke in 'n gemeenskap kan beïnvloed, om sodoende die reg op 'n gesonde omgewing te help beskerm deur die maatskappy se werksaamhede dop te hou.
 - In ander gevalle versoek jy dalk bepaalde rekords om jou te help bepaal of jy die reg het om 'n siviele eis teen 'n entiteit in te dien.

VRYWILLIGE, VOORAF- EN INGELIGTE TOESTEMMING

Die internasionale regsbeginsel van vrywillige, vooraf- en ingeligte toestemming (VVIT) beteken dat voordat enige groot besluite of stappe geneem word wat inheemse mense en plaaslike gemeenskappe se regte of welstand kan raak, **hulle die reg het om ten volle ingelig te word, aan die besluitnemingsproses deel te neem, en hulle toestemming vrywillig en sonder dwang te gee.**

VVIT is noodsaaklik in die konteks van die regverdigde energieoorgang omdat dit seker maak dat inheemse mense en plaaslike gemeenskappe wat direk deur energieprojekte of -beleide geraak kan word, 'n sê in daardie besluite het. Dit erken hulle reg op hulle grond, hulpbronne en leefwyse, en beskerm hulle teen enige moontlike negatiewe gevolge van die oorgang na skoner energiebronne.

Deur die gemeenskap te betrek en hulle toestemming te bekom, word billikheid en gelykwaardigheid in die regverdigte energieoorgang verseker. So 'n oorgang sorg dat almal in die voordele deel en dat alle individue en gemeenskappe se regte gerespekteer word.

WIT behels ook die reg om jou toestemming te onttrek. Die onttrekking van toestemming word gewoonlik erken waar die toestemming op 'n onbehoorlike wyse verkry is of waar die voorwaardes vir die toestemming geskend word. Om sekerheid te bied en verwagtinge te bestuur, kan maatskappye skriftelik met die gemeenskap ooreenkom op die voorwaardes waarop toestemming onttrek kan word.

STAPPE OM VRYWILLIGE, VOORAF- EN INGELIGTE TOESTEMMING IN SUID-AFRIKA TE VERSEKER

STAP	VERDUIDELIKING
1. Identifiseer die geaffekteerde gemeenskappe	Bepaal wie deur die projek of beleid geraak sal word.
2. Voorsien volledige inligting	Bied duidelike besonderhede oor die doel en gevolge van die projek én die alternatiewe, op 'n manier wat die gemeenskap verstaan.
3. Fasiliteer sinvolle deelname	Laat die geaffekteerde gemeenskappe oop gesprek voer en vrylik deelneem.
4. Respekteer kulturele en besluitnemingsprosesse	Eerbiedig die gemeenskappe se kulturele praktyke en besluitnemingstelsels.
5. Hanteer kwessies en beding oplossings	Luister na die gemeenskap se bekommernisse en soek na wedersyds aanvaarbare oplossings.
6. Verkry toestemming	Bekom vrywillige toestemming van die geaffekteerde gemeenskappe, en respekteer dit as hulle toestemming weerhou.
7. Implementeer en monitor	Indien die gemeenskap toestemming gee, implementeer die projek, maar hou die gemeenskap terselfdertyd op hoogte en monitor vordering.
8. Hersien en pas aan	Bepaal gereeld die impak van die projek en bring enige nodige aanpassings in oorleg met die gemeenskap aan.



SINVOLLE RAADPLEGING

Prosedurele geregtigheid vereis dat geaffekteerde gemeenskappe sinvol geraadpleeg word oor elke fase van 'n projek – ontwerp, implementering én monitering.

Beginsels om in gedagte te hou

1. Geaffekteerde gemeenskappe moet 'n werklike sê in die projek hê.

- ▶ Die projekontwikkelaars moet na die gemeenskap se besware luister en terugvoer in ag neem wanneer hulle besluite oor die projek neem.
- ▶ Openbare vergaderings moet in 'n taal wees wat die deelnemers verstaan, of 'n tolk moet voorsien word.
- ▶ Vroue, senior burgers en die jeug moet verteenwoordig word en genooi word om hulle menings te lug.
- ▶ Kommentaar en terugvoer behoort by die finale beleid, plan of projek ingesluit te word.

2. Al die inligting oor 'n beleid, plan of projek, waaronder die moontlike risiko's en voordele, moet op 'n maklik verstaanbare manier voorsien word.

- ▶ Die inligting moet duidelik wees en vooraf voorsien word in die tale wat die geaffekteerde gemeenskappe gebruik, en op 'n verstaanbare manier.
- ▶ Dit sluit ook in om seker te maak dat beleide, planne of projekte toeganklik is vir mense wat nie kan lees nie, sowel as persone met gestremdhede, en dat dit kultuurgepas is.

3. 'n Beleid, plan of projek moet so ontwerp word dat dit voorsien in die behoeftes van die mense wat daardeur geraak sal word.

- ▶ Dit is ook belangrik om te sorg dat beleide, planne en projekte so ontwerp word dat dit voorsien in die behoeftes van gemeenskappe wat daardeur geraak sal word en/of dat enige moontlike risikogebiede uitgelig word.
- ▶ Verskillende menings oor 'n beleid, plan of projek moet na geluister en ingesluit word.
- ▶ Dit beteken ook dat die beleid, plan of projek ontwerp moet word op grond van die kennis en ervarings van mense wat daardeur geraak sal word.
- ▶ Die kernbeginsels van die regverdige energieoorgang moet uiteindelik duidelik blyk, naamlik geregtigheid, insluiting en demokrasie.

Deur hierdie stappe te volg, kan ons sorg dat gemeenskapsgroepe by besluitnemingsprosesse ingesluit word en dat programme so ontwerp word dat dit voorsien in die behoeftes van gemeenskappe wat daardeur geraak sal word.

7. HOE OM BY DIE REGVERDIGE ENERGIEOORGANG BETROKKE TE RAAK



OPENBARE DEELNAME AAN WETGEWING EN BELEIDE

Wanneer wette gemaak word, moet die Parlement die publiek raadpleeg, veral plaaslike gemeenskappe wat deur daardie wette geraak sal word. Die wette in 'n land moet die samelewing se doelwitte en waardes weerspieël. Daarom is burgers se deelname aan die wetgewende proses 'n doeltreffende manier vir die publiek om ongewenste beleide en wette te verander. Dit is 'n instrument om vertroue en eenstemmigheid tussen die regering en burgers te skep.

WAAROM MOET JY DEELNEEM?

'n Wet of beleid kan in sommige gevalle jou menseregte beperk of benadeel. Regte mag slegs beperk of benadeel word waar dit redelik en regverdigbaar is in 'n oop en demokratiese samelewing. Burgers moet dus aan die wetgewende proses deelneem om te sorg dat wette billik, **redelik en regverdigbaar** is en nie die fundamentele regte in die Grondwet skend nie.

Die Konstitusionele Hof (die hoogste hof in Suid-Afrika) het onlangs die volgende uitspraak gelewer:

“ Openbare deelname dien as beskerming om te verhoed dat die belange van gemarginaliseerde mense verontagsaam of verkeerd voorgestel word. Die belang van openbare deelname vir die bevordering van Suid-Afrika se demokratiese projek word onderstreep deur die koloniale en apartheidsregerings se algehele miskening van mense se sienings in wetgewing wat hulle lewens gereël het.”

- Regter Theron in die saak oor die grondwetlikheid van die Wet op Tradisionele en Khoi-San-leierskap (*Mogale and Others v Speaker of the National Assembly and Others*)

Artikel 72(c) en 118(1) van die Grondwet vereis dat die Parlement en provinsiale wetgewers, as deel van die wetgewende proses, openbare deelname fasiliteer deur:

- (i) **sinvolle geleenthede** te bied vir die publiek om aan die wetgewende proses deel te neem; en
- (ii) seker te maak dat die publiek die nodige vaardighede het om doeltreffend deel te neem.

DIE PROSES WAT DIE PARLEMENT BEHOORT TE VOLG WANNEER HULLE NUWE WETGEWING ONTWIKKEL

Lig in	Raadpleeg	Bespreek	Gee terugvoer
			
<p>Die Parlement moet...</p> <p>...die publiek van inligting oor die voorgestelde wetgewing voorsien.</p> <p>...die publiek opvoed en die voorgestelde wetgewing help verstaan.</p>	<p>Die Parlement moet...</p> <p>...die publiek 'n geleentheid bied om skriftelik (deur skriftelike voorleggings) of persoonlik (deur mondelinge voorleggings) op die voorgestelde wetgewing kommentaar te lewer.</p>	<p>Die Parlement moet...</p> <p>...met die publiek in gesprek tree oor kwessies, probleme en belange wat gedurende die raadplegingsfase geïdentifiseer is.</p> <p>Dit geskied deur openbare vergaderings, verhore, tafelrondegesprekke en kleingroepbesprekings.</p>	<p>Die Parlement moet...</p> <p>...die publiek van terugvoer voorsien oor die kwessies, probleme en belange wat geïdentifiseer is.</p> <p>...die publiek in kennis stel van die planne en intervensies om die kwessies, probleme en belange te hanteer.</p>

HOE KAN JY BETROKKE RAAK?

1. Jy kan 'n skriftelike voorlegging aan 'n parlementêre komitee maak of kommentaar lewer op 'n beleid wanneer dit vir openbare deelname oopgestel word. Oor aspekte van die regverdige energieoorgang kan jy jou kommentaar direk aan die Presidensiële Klimaatskommissie stuur.
2. Jy kan die Parlement se openbare vergaderings oor wetsontwerpe bywoon en mondelings kommentaar lewer.
3. Sodoende kan jy 'n invloed hê op die mening van komiteedelede wat konsepwetgewing bespreek voordat dit wet word, of die mening van die Presidensiële Klimaatskommissie, wie se doel dit is om 'n regverdige en billike oorgang te verseker.

Wetsontwerpe waarop die publiek kan kommentaar lewer, verskyn op die webtuiste van die Parlementêre Moniteringsgroep by pmg.org.za of in die Staatskoerant op die webtuiste van die Staatsdrukkery by gpwonline.co.za.

WAT OM IN AG TE NEEM WANNEER JY KOMMENTAAR LEWER OP BELEIDE EN WETTE OOR DIE REGVERDIGE ENERGIEOORGANG

Hier is van die vrae waaroor jy dalk wil nadink wanneer jy gedurende openbare deelname kommentaar lewer op beleide en wette oor die regverdige energieoorgang:

- Stroom hierdie beleid of wet met die beginsels van 'n regverdige energieoorgang soos jy dit verstaan?
- Ondersteun hierdie beleid of wet die ontwikkeling van energiehulpbronne wat volhoubaar, hernubaar en kostedoeltreffend is en die grootste moontlike groep mense baat, waaronder arm en gemarginaliseerde persone?
- Hoe sal die beleid of wet gemeenskapsregte raak, en hoe kan ons sorg dat gemeenskappe toegang het tot bestaansmiddele, grond en hulpbronne?

- Neem hierdie beleid of wet werkers se regte in ag, en maak dit voorsiening vir beter werksomstandighede?
- Baat hierdie beleid of wet die algemene gesondheid van mense en die planeet?



DEELNAME AAN ENERGIEVERWANTE PROJEKTE

Gedurende die regverdigte energieoorgang sal die regering, privaat maatskappye, sosiale ondernemings óf gemeenskappe self projekte ontwikkel. Hierdie projekte kan hernubare-energieprojekte, nuwe mynbougebiede, nuwe netwerke of pypleidings of nuwe infrastruktuurontwikkelings wees. Sommige daarvan kan onderworpe wees aan 'n **omgewingsimpakstudie (OIS)**.

'n OIS is 'n proses om die toekomstige omgewings-, maatskaplike en ekonomiese impak van voorgestelde ontwikkelings te bepaal en, waar dit moontlik is, maatreëls voor te stel om enige impak op mense en die natuur te verminder of te verhoed. Voorbeelde is die bepaling van 'n ontwikkeling se impak op waterhulpbronne (soos riviere, strome, vleilande en ondergrondse water), biodiversiteit, die see, erfenis, landbou, luggehalte, grond, omliggende gemeenskappe, en die plaaslike en wyer ekonomie.

Tersaaklike staatsowerhede gebruik die uitslag van 'n OIS om te besluit of die ontwikkeling toegelaat moet word, d.w.s. of lisensies of permitte verleen moet word. Indien die impak aanvaarbaar is, ontvang die ontwikkelaar omgewingsmagtiging op bepaalde voorwaardes.

TIPES AKTIWITEITE WAT OMGEWINGSIMPAKSTUDIES VEREIS

Die **Wet op Nasionale Omgewingsbestuur (NEMA)** lys die aktiwiteite wat 'n OIS vereis.

- ▶ Indien aktiwiteite onder lyskennisgewing 1 en 3 val, is dit onderworpe aan 'n **basiese impakstudie**.
- ▶ Indien aktiwiteite onder lyskennisgewing 2 val, is dit onderworpe aan 'n **omvangsbepaling en 'n omgewingsimpakstudie**.

Aktiwiteite wat onder lyskennisgewing 2 val, kan groter omgewingskade aanrig as aktiwiteite onder lyskennisgewing 1 en 3. Daarom moet dit 'n strenger proses ondergaan. 'n Bevoegde owerheid sal oor die magtiging besluit. Die owerheid kan 'n plaaslike regering óf die nasionale regering wees, na gelang van die tipe aktiwiteit.

Mynbou - en petroleumaktiwiteite val onder sowel die **MPHO-wet** as **NEMA**. Die Departement van Minerale Hulpbronne en Energie (DMHE) is in so 'n geval die departement wat oor die magtiging sal besluit.

Jy kan by die Minister van Bosbou, Visserye en die Omgewing teen die omgewingsmagtiging appelleer, selfs al staan die DMHE die magtiging toe.

DIE PROSES VIR 'N OMGEWINGSIMPAKSTUDIE IN SUID-AFRIKA

Hier onder volg 'n oorsig van die OIS-proses vir aktiwiteite wat volgens die Wet op Nasionale Omgewingsbestuur 'n omvangsbepaling en 'n omgewingsimpakstudie vereis.

↓		Kennisgewing	Omgewingstudiepraktisyn stel die publiek van die nuwe ontwikkeling in kennis.
↓		Vergadering vir openbare deelname	
↓		Registrasie	Belangstellende organisasies, gemeenskappe of individue registreer as belangstellende en geaffekteerde partye.
↓		Omvangsverslag	Die omvangsverslag word gepubliseer, en belangstellende partye het 30 dae om kommentaar te lewer.
↓		Publiek kan kommentaar indien	
↓		Vergadering vir openbare deelname	
↓		Konsep-omgewingsimpakstudie	Die konsepverslag oor die omgewingsimpakstudie word gepubliseer, en die publiek het 30 dae om kommentaar te lewer.
↓		Publiek kan kommentaar indien	
↓		Finale OIS	Finale verslag oor die omgewingsimpakstudie word by die bevoegde owerheid ingedien.
■		Besluit	Bevoegde owerheid neem 'n besluit oor die ontwikkeling.
□		Appèl	Indien partye met die besluit verskil, kan 'n appèl teen die besluit binne die wetsvoorgeskrewe tydperk by die appèlowerheid, die Departement van Bosbou, Visserye en die Omgewing, ingedien word.

DEELNAME AAN 'N OMGEWINGSIMPAKSTUDIE

Gemeenskappe het in elke fase van die OIS-proses 'n geleentheid om betrokke te raak en kwessies te opper deur **vergaderings vir openbare deelname** by te woon en skriftelike kommentaar in te dien. 'n Belangrike komponent van die OIS-proses is openbare deelname. Die raadpleging van belangstellende en geaffekteerde lede van die publiek help maak die OIS-proses oop, deursigtig en geloofwaardig. Dit is belangrik dat gemeenskappe betrokke raak om te sorg dat hulle omgewingsregte gehandhaaf word.

Wanneer 'n maatskappy 'n projek voorstel wat 'n omgewingsimpakstudie vereis, moet hulle 'n **omgewingstudiepraktisyn (OSP)** aanstel om die OIS uit te voer.

HOE OM BETROKKE TE RAAK

- ▶ Sodra jy van die ontwikkeling hoor, vind uit wie die OSP is en e-pos hulle om te vra dat jy as 'n belangstellende en geaffekteerde party geregistreer word. Enigeen kan registreer – nie net diegene wat naby die voorgestelde ontwikkeling woon nie. Jy kan die OSP ook bel of per WhatsApp of SMS kontak indien hulle 'n nommer daarvoor voorsien.
- ▶ Versoek dokumente oor die projek. Dit is gewoonlik op die OSP se webtuiste te kry, maar gedrukte afskrifte moet ook op sekere openbare plekke, soos by biblioteke, beskikbaar wees.
- ▶ Woon alle openbare verhore gedurende die OIS-proses by en vra al die vrae wat jy oor die projek het. By hierdie vergaderings kan jy ook jou beswaar teen of steun vir die projek uitspreek. Die OSP is verplig om na jou vrae en kwessies te luister en objektief daarop te reageer.
- ▶ Lewer by elke moontlike geleentheid gedurende die OIS-proses skriftelike kommentaar om jou kommer uit te spreek.

HOE OM BY PROJEKTE VIR 'N REGVERDIGE ENERGIEOORGANG BETROKKE TE RAAK

Soos wat vroeër genoem is, word nuwe projekte daagliks ontwikkel en oorweeg. Die ideaal is dat alle nuwe projekte in Suid-Afrika moet deel uitmaak van die regverdigte energieoorgang, maar party val dalk nie heeltemal in dié kategorie nie.

Net omdat dit deel uitmaak van die regverdigte energieoorgang beteken dit egter nie 'n projek is noodwendig 'n goeie ding nie. Dit is belangrik om enige nuwe projek krities te beoordeel en verdere inligting van die projekontwikkelaars aan te vra. As jy besluit om 'n gemeenskapsvergadering by te woon, kan jy die volgende vrae vra om die projek beter te verstaan:

- ▶ Hoe pas die projek in by die regverdigte energieoorgang?
- ▶ Strook die projek met die beleide en planne vir die regverdigte energieoorgang?
- ▶ Wie sal die meeste voordeel uit die projek trek?
- ▶ Hoe sal die jeug, vroue en arm mense geprioritiseer word?
- ▶ Wat is die spesifieke omgewingsimpak van die voorgestelde projek?
- ▶ Watter maatreëls sal getref word om enige moontlike negatiewe omgewingsimpak van die voorgestelde projek te verhoed?

- ▶ Sal die projek die gemeenskap beter toegang tot energie bied?
- ▶ Hoe kan die gemeenskap die projek hulle eie maak?
- ▶ Is daar permanente werksgeleenthede ter sprake, en sal dié werksgeleenthede werkers se gesondheid en welstand bevorder? Is hierdie poste toeganklik vir mense uit alle omstandighede, of is dit bedoel vir diegene met gespesialiseerde vaardighede?
- ▶ Wat is die moontlike impak van die projek op eiendomswaardes, grondbesit, of toegang tot natuurlike hulpbronne?
 - So byvoorbeeld vereis sonkragprojekte dikwels groot stukke grond. Beteken dit dat grond- en waterhulpbronne waartoe my gemeenskap toegang gehad het, nou beperk sal word?
- ▶ Wat is die moontlike risiko's en voordele van die alternatiewe vir die projek? Is hierdie projek die beste manier om ons doelwitte te bereik?

GEMEENSKAPSGEBASEERDE INISIATIEWE VIR HERNUBARE ENERGIE

Gemeenskapsgebaseerde inisiatiewe vir hernubare energie is kleinskaalse hernubare-energieprojekte in gemeenskapsverband of op gemeenskapsgrond. Dit voorsien dikwels plaaslike elektrisiteit vir plaaslike energiebehoefte en kan deur die gemeenskap besit óf in vennootskap met maatskappye, die regering en nie-regeringsorganisasies bedryf word.

Hierdie projekte het die potensiaal om gemarginaliseerde gemeenskappe toegang tot volhoubare energiebronne te bied en ook tot plaaslike werkskepping en ekonomiese groei by te dra. Dit help beperk die gevolge van klimaatsverandering deur kweekhuisgasvrystellings te verminder en ondersteun sodoende die regverdige energieoorgang. Hoe werk dit?

- ▶ **Toegang tot energie:** Hierdie projekte kan byvoorbeeld energie voorsien aan afgeleë plattelandse gebiede wat moeilik is om met die nasionale kragnetwerk te bereik. Die projekte bied betroubare en ekovriendelike energiebronne, waaronder son-, wind- en hidrokrags. Dit verbeter weer plaaslike gemeenskappe se lewensgehalte omdat huishoudings, skole, hospitale en ander noodsaaklike dienste skoon energie gebruik.
- ▶ **Plaaslike ekonomiese groei:** Wanneer plaaslike gemeenskappe aktief aan die beplanning, konstruksie en bedryf van hernubare-energieprojekte deelneem, kan dit werk skep en inheemse en plaaslike ondernemings ondersteun.
- ▶ **Regverdige energieoorgang:** Omdat die projekte op hernubare energie soos son- of windkrags berus, help dit plaaslike gemeenskappe wegbeweeg van energie wat die lug besoedel en tot koolstofvrystellings bydra.

Aktiewe betrokkenheid en deelname deur die gemeenskap is noodsaaklik vir gemeenskapsgebaseerde hernubare-energieprojekte. Wanneer gemeenskappe deel is van die besluitnemingsproses kan hulle toestemming gee en verantwoordelikheid aanvaar vir die projek, wat langdurige, volhoubare voordele inhou. Hierdie benadering kan ook 'n gevoel van bemagtiging en trots in die gemeenskap skep, want hulle dra aktief by tot hulle eie ontwikkeling.



GEVALLESTUDIE VAN DIE GEMEENSKAPSGEBASEERDE PROJEK VIR HERNUBARE ENERGIE IN OLOSHO-OIBOR, KENIA

Die gemeenskap van Olosho-Oibor in Kenia het na vore getree as 'n baanbreker vir gemeenskapsgebaseerde hernubare energie in Afrika. Dit het hulle reggekry deur die installering van 'n fotovoltaiiese (FV) sonpaneelstelsel van 3kWp (kilowatt-piek) wat gekoppel is aan twee batterybanke, tesame met 'n opwekker van 3 kW wat albei batterybanke kan laai.

Die VN se Ontwikkelingsprogram (UNDP) het later ook aan boord gekom en sonpanele van 'n bykomende 4 kWp bygedra om die stelsel te versterk.

Die inisiatief het in 2009 begin toe die aanvanklike installering van privaat sonpanele in die gemeenskap 'n groep inwoners van Olosho-Oibor geïnspireer het. Hulle wou hulle eie sonpanele hê, maar vir baie gemeenskapslede was dit eenvoudig te duur. Om dié struikelblok te oorkom, het hulle saamgestaan om dinge te laat gebeur. Hulle het 'n gesamentlike fondswerwingsveldtog van stapel gestuur en elk \$10 per maand bygedra totdat hulle genoeg geld gehad het om 'n stel groter sonpanele te koop wat verskeie huishoudings in die omgewing van krag kon voorsien.

Die gemeenskap het tegniese bystand van die VN se Nywerheidsontwikkelingsorganisasie ontvang. Nou het hulle energiekeöperasie uit 125 lede bestaan wat \$4 900 ingesamel het vir sonpanele, wat strategies op pale en dakke deur die hele gemeenskap geïnstalleer is. Die koöperasie het benewens die sonpanele ook twee klein windturbines by hulle energie-infrastruktuur bygevoeg.

Die hernubare-energiestelsel word bedryf deur 'n gemeenskapsgebaseerde organisasie (GGO) met 'n toegewyde bestuurder wat vir daaglikse werksaamhede verantwoordelik is. In plaas daarvan dat huishoudings en ondernemings verskillende bedrae betaal op grond van hoeveel hulle gebruik, word een fooi gehef.

Die stelsel kan slegs 'n beperkte hoeveelheid krag lewer, so deur middel van gemeenskapsvergaderings het die gemeenskapslede met strategieë vorendag gekom om elektrisiteitsvraag te bestuur. Wanneer dit byvoorbeeld bewolk of windstil is, geniet noodsaaklike openbare instellings voorkeur om energie te ontvang bo nie-noodsaaklike verbruikers. Dit beteken dat kragtoevoer na huishoudings en winkels tydelik opgeskort kan word om te sorg dat noodsaaklike fasiliteite soos die kliniek-apteek, kerk en die skuilings vir dogters wat uit kinderhuwelike en aan vroulike besnyding ontsnap ononderbroke elektrisiteit ontvang. Sodoende werk die gemeenskap saam om 'n beperkte hulpbron te bestuur.

Hierdie merkwaardige prestasie getuig van die krag van gemeenskapsgedrewe inisiatiewe om volhoubare en bekostigbare energie-oplossings na diensarm streke te bring.

Verdere hulpbronne:

<https://www.reuters.com/article/us-kenya-solar-energy-idUSKBN1590LO>

<https://steps-centre.org/blog/microgrids/#:~:text=Nairobi%2Dbased%20workshop%20for%20the,owned%20and%20%E2%80%93operated%20micro%20grid>



'n Nuwe sonkragprojek kom in Kenia tot stand. Foto met vergunning van Lauren Nel.

GRONDREGTE EN DIE REGVERDIGE ENERGIEOORGANG

Om billikheid en gelykwaardigheid in die regverdige energietoorgang te verseker, moet alle belanghebbendes se regte gerespekteer word – ook die regte van gemeenskappe wat grond besit, huur of beset. Dit behels die volgende:

- ▶ Gemeenskappe moet 'n werklike sê in die ontwikkeling van hernubare-energieprojekte op hulle grond hê. Hulle moet 'n geleentheid ontvang om vrywillige, vooraf- en ingeligte toestemming te verleen.
- ▶ Projekontwikkelaars moenie verdeeldheid in gemeenskappe saai nie. Hulle moet vasstel of daar grondeise of -geskille bestaan, en sorg dat hulle billik en deursigtig optree.
- ▶ Indien gemeenskappe besluit om hulle grond te verlaat, moet hulle voldoende vir die grond vergoed word. Vergoeding moet billik beding word.
- ▶ Indien hernubare-energieprojekte gemeenskappe beïnvloed, moet sodanige invloed so ver moontlik beperk of verhoed word.
- ▶ Gemeenskappe behoort 'n geleentheid te ontvang om voordeel te trek uit energietoorgang deur plaaslike werkskepping, ooreenkomste om in projekvoordele te deel, of moontlike toegang tot alternatiewe grond.



GEMEENSKAPSONTWIKKELINGSOOREENKOMSTE VIR ENERGIEPROJEKTE

Energiemaatskappye kan 'n gemeenskap nader om 'n ooreenkoms met hulle aan te gaan om voordeel te trek uit 'n projek. Hierdie ooreenkomste word gemeenskapsontwikkelings- of plaaslikevoordeelooreenkomste genoem en kan sowel die projek as die gemeenskap baat.

- ▶ So 'n ooreenkoms sorg dat alle betrokkenes hulle regte, rolle en verantwoordelikhede verstaan. Dit help verseker dat die projek die gemeenskap baat en dat enige probleme wat dalk opduik, hanteer word. Die ooreenkoms skryf ook 'n duidelike proses vir geskilbeslegting voor.
- ▶ Die ooreenkoms skep ook 'n plan vir die gemeenskap om in enige projekvoordele te deel. Dié voordele kan geld of ander nuttige dinge wees wat deur gesprek en samewerking vasgestel word. Hier onder is 'n lys van sommige voordele wat beding kan word:

- 1. Toegang tot skoon energie**
- 2. Watervoorsiening gedurende implementering van die projek**
- 3. Plaaslike werksgeleenthede**
- 4. Bystand vir plaaslike ondernemings**
- 5. Vermoëbou en opleiding**
- 6. Tegnologieoordrag**
- 7. Beter infrastruktuur**
- 8. Toegang tot krediet en markte**
- 9. Betaling vir omgewingsdienste**
- 10. Die stigting van gemeenskapsontwikkelingsfondse**

Dit is nie genoeg om hierdie ooreenkomste op papier te hê nie. Ons moet sorg dat dit uitgevoer word. Daarom moet gemeenskapsverteenwoordigers met die nodige vaardighede toegerus word om aan besluitnemingsprosesse deel te neem. Die maatskappy moet die gemeenskap se regte en belange beskerm.



Bylaag 1: Hulpbronne oor klimaatsverandering en die regverdigte energieoorgang

Wanneer jy kommentaar lewer of aan openbare prosesse deelneem, sal jou bydrae doeltreffender wees as jy geloofwaardige tegniese en statistiese inligting insluit. Hier onder is 'n paar nuttige bronne:

DIE STREWE NA 'N REGVERDIGE TOEKOMS: PLAASLIKE DENKE

- ▶ [Remaking Our Energy Future: Towards a Just Energy Transition \(JET\) in South Africa Remaking-our-Energy-Future.pdf](#) (90by2030.org.za)
- ▶ [A Just Transition – our position](#) (350africa.org)
- ▶ [Just Transition – Life After Coal/Impilo Ngaphandle Kwamalahle](#)
- ▶ [Presidensiële Klimaatskommissie, Achieving a Just Energy Transition: Presidential Climate Commission](#)

DIE STREWE NA 'N REGVERDIGE TOEKOMS: INTERNASIONALE DENKE

- ▶ Just Transition, *A Framework for Change*: [Just Transition – Climate Justice Alliance](#)
- ▶ [HOODWINKED_ThirdEdition_On-Screen_version.pdf](#) (resilience.org)
- ▶ VIDEO: *South African Climate Action Network, 2023, JET-IP: Impacts, Pitfalls, and Pathways to Equity* <https://www.youtube.com/watch?v=XFVhHf6rUUo>
- ▶ VIDEO *Rebekah Shirley: The clean energy hub of the future* https://www.ted.com/talks/rebekah_shirley_the_clean_energy_hub_of_the_future/c

HULPBRONNE

Carbon Tracker: Carbon Tracker se nasionale profiele bied belanghebbendes die nodige data, ontledings en agtergrond om te bepaal in watter mate lande se kragsektore met die doelwitte van die Parys-ooreenkoms strook, en lig die risiko's en geleenthede verbonde aan die oorgang uit.

<https://countryprofiles.carbontracker.org/SouthAfricaCoal>

Global Energy Monitor: Karteer steenkool, olie, gas en hernubare energie wêreldwyd.

<https://globalenergymonitor.org/projects/global-gas-plant-tracker/tracker-map/>

Green Economy Tracker: Hou tred met en beoordeel beleide vir 'n groen ekonomie

<https://greeneconomytracker.org/country/south-africa>

Natural Resource Governance Institute: Toon waar maatskappye regerings wêreldwyd betaal om olie, gas en minerale hulpbronne te ontgin. <https://www.resourceprojects.org/country/ZA>

Oxpeckers #Powertracker: Data oor hernubare-energieprojekte in Suider-Afrika

<https://docs.google.com/spreadsheets/d/1GCzKfkY3IfvK8QxZdMK1MG4WcxNUzd4ngnE-urAtHHE/edit#gid=500013209>

Climate Action Tracker: Beoordeel hoe lande met hulle NVB-doelwitte vaar.

<https://climateactiontracker.org/countries/south-africa/>

Early Warning System: Die Early Warning System bevat onder meer die eerste databasis wat onder leiding van die burgerlike samelewing saamgestel is om projekte wat by die grootste ontwikkelingsbanke vir finansiering ingedien word te organiseer, te beskryf en te standaardiseer. Dit bied inligting en nuusflitse oor projekte.

<https://ews.rightsindevelopment.org/>

Environmental Justice Atlas: Die Environmental Justice Atlas dokumenteer en katalogiseer maatskaplike konflik oor omgewingskwessies. Jy kan ook inligting byvoeg. <https://ejatlas.org/>

Climate Rights Database: 'n Interaktiewe kaart van klimaatsgevalle

<https://climaterightsdatabase.com/interactive-climate-case-map/>



Bylaag 2: Bevindinge: Die realiteit van hoe goed Suid-Afrika 'n regverdige energieoorgang ondersteun

ROOI Maak min of geen vordering

GEEL Maak vordering

GROEN Vaar goed

BESKRYWING VAN ENERGIE-AKTIWITEIT

JOU BEOORDELING

Suid-Afrika benut sy potensiaal vir hernubare energie – die son en die wind

ROOI

Suid-Afrika bied nou beter toegang tot elektrisiteit vir alle inwoners van die land

GROEN

Suid-Afrika se vervoersektor stel nie meer groot hoeveelhede koolstofdiksied vry nie

ROOI

Suid-Afrika voorsien genoeg elektrisiteit aan mense wat in stede woon

GROEN

Suid-Afrika voorsien genoeg elektrisiteit aan mense wat op die platteland woon

GEEL

Suid-Afrika het stabiele elektrisiteit sonder daaglikse kragonderbrekings

ROOI

Suid-Afrika koop groot hoeveelhede elektrisiteit by privaat of onafhanklike kragprodusente

ROOI

Suid-Afrika het genoeg son- en windpotensiaal om hernubare energie vir sy elektrisiteitsbehoefes te gebruik

GROEN

Suid-Afrika het 'n plaaslike mark vir hernubare energie

ROOI

Suid-Afrika en sy mense vervaardig en koop plaaslike tegnologieë om elektrisiteit mee op te wek, soos sonpanele, batterye en kragomsetters

ROOI

Suid-Afrika laat nie meer toe dat maatskappye plaaslik na fossielbrandstowwe soek nie, en reik nie meer lisensies uit vir nuwe fossielbrandstofmaatskappye om energie op te wek nie

ROOI

Suid-Afrika het wette wat 'n regverdige energieoorgang ondersteun

GROEN

Suid-Afrika het wette wat belegging in hernubare energie aanmoedig

GEEL

Hierdie publikasie is moontlik gemaak deur 'n vennootskap met die Open Society Foundation for South Africa.

